STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)
021 975 1044 (jeugkantoor)
021 910 3900 (feesmark)
021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za
navrae@stellenberg.co.za

Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

13 JANUARIE 2019

# GEMEENTEBULLETIN

**OGGENDDIENS**

LIG wat my OMDRAAI.
Matteus 4:12-17.

**GESINSDIENS**

Lig van die wêreld
Johannes 1:1-8

**OPPASDIENS**
Vanoggend in die Kleuterkerklokaal vanaf 09:00 tot 10:00

**DEURKOLLEKTE**
Stellenberg-medewerkers. (Sendelinge wat deur die gemeente ondersteun word.)

## EREDIENSTE

| | | | 13 Januarie | | 20 Januarie | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 09:00 | Kerk | Oggenddiens | Ds. Breytenbach | 4 | Ds. Duvenhage | 1 |
| 9:00 | Kleinsaal | Gesinsdiens | Ds. Potgieter | 9 | Ds. Breytenbach | 6 |
| 09:00 | Kapel | Meditatief | Philipp Dietmann | - | Philipp Dietmann | - |
| 09:00 | Grootsaal | Blokdiens | Graad 1's + ouers | - | Kleuters + ouers | - |
| 18:00 | Kerk | Jeugdiens | Ds. Duvenhage | - | Ds. Breytenbach | - |
| 19:00 | Kapel | Aanddiens | Mike v Deventer | 13 | Ds. Duvenhage | 11 |

## JAAR- EN KWARTAALTEMA 2019

**Ons jaartema vir 2019: Ons luister**

Na Kersfees breek die Epifanietyd, of die "Fees van die Lig" soos dit ook genoem word, in die kerklike jaar. Dan volg ons Jesus se reis van sy eerste optrede tot Hy in Jerusalem aan die kruis sterf. Jesus se woorde en dade het oral LIG gebring (mense tot insig gebring). Dit het mense anders na hulle lewens laat kyk. In die eerste kwartaal gaan ons tydens die eredienste stilstaan by watter LIG/INSIG die Here in dié tyd in ons lewens en die wêreld bring as ons Hom hoor en luister na sy stem.

Ons tema vir die eerste kwartaal: **LIG wat LEWE bring.**

## BLOKDIENS VIR GRAAD 1'S EN OUERS

Ons nooi alle graad 1's en hulle ouers na 'n spesiale blokdiens vanoggend om 09:00 in die grootsaal. Die gemeente se kinderwerker sal aan jule voorgestel word en julle sal ingelig word oor die gemeente se kategesestelsel.

## JEUGDAGBOEK

- JUNIOR KLEINGROEPE: Alle graadgroepe registreer om 10:00 in die grootsaal. Kleingroepe begin op 20 Januarie.
- SENIOR KLEINGROEPE: Jeugdiens begin om 18:00 met kategese-registrasie direk daarna.
- JEUG-TOEP: Gaan na die Google Play of Apple Store en soek "Stellenberg". Laai die toepassing op jou foon af.
- DELFT-UITREIK: Begin Donderdag 17 Januarie direk na skool om 14:30.

## KATEGESE-REGISTRASIE 2019

Kategese-registrasie vir junior en senior kategesegroepe sal op **Sondag 13 Januarie** plaasvind. Almal moet registreer, al het jy voorheen by die kategese ingeskakel. Nuwelinge is ook baie welkom. Juniors (graad 1 tot 7) kan om 10:00 by die saalkompleks aanmeld en seniors (graad 8 tot 11) net na die jeugdiens om 18:00. Kontroleer asb. tydens registrasie die hele gesin se persoonlike besonderhede. Jaargeld van R140 is ook dan betaalbaar. Daar sal op 20 en 27 Januarie weer geleentheid vir registrasie wees.

## VATVYF

**Maandag 28 Januarie**

Kom luister na die pianis, Rocco de Villiers en violis, Lizelle le Roux. Maandag, 28 Januarie 2019 om 10:00 by D'Aria, Durbanville. Koste: R80 per persoon en sluit verversings ook in. Bespreek jou plek voor Woensdag 23 Januarie by Karin, 021 976 4519. Vervoer gratis.

**Woensdag 6 Februarie**

Kom geniet 'n heerlike vrugtefees op Woensdag 6 Februarie om 10:00. Ons skop die jaar af met 'n gesellige saamkuiergeleentheid. Senior lidmate wat nuut by die gemeente ingeskakel het, is baie welkom om die geleentheid by te woon. Plek: saalkompleks. Bespreek voor Vrydag 1 Feb. by Karin Barter 021 976 4519. Koste: gratis.

### NUWE LIDMATE

Indien jy nuut by die gemeente ingeskakel het, kontak ons asseblief.

Ons wil jou graag persoonlik ontmoet. Jy kan na die oggenddiens by die inligtingstoonbank aanmeld, of stuur 'n e-pos aan odette@stellenberg.co.za, of skakel die kerkkantoor by 021 976 4519

### ELEKTRONIESE KOMMUNIKASIE

Ons wil graag die maandelikse gemeentekoerant *Stellenberger* asook die weeklikse bulletin elektronies aan lidmate versprei. Indien jy nog nie nuus elektronies ontvang nie, stuur asb. 'n e-pos aan sanel@stellenberg.co.za.

## BYBELSKOOL

Die Evangelies (Matteus, Markus, Lukas en Johannes) is ons primêre bron van inligting oor Jesus. Die vier Evangelies se vertellings verskil heelwat van mekaar en elkeen moet in eie reg gelees word. Tydens die Bybelskool-kursus sal ons die Evangelies afsonderlik bestudeer en die spesifieke boodskap wat dit vir ons tyd inhou, ontdek. Ons sal van die direkte vertaling, waarvan die proef (Evangelies en Psalms) reeds verskyn het, gebruik maak. Kursusgangers sal elkeen 'n kopie van die proefvertaling waaruit ons saam sal werk, ontvang. Die ses-weke-kursus begin Maandag 4 Februarie. Koste: R50 per persoon, betaalbaar by die kursus.
Datums: 4, 11, 18, 25 Februarie en 4 en 11 Maart
Besprekings: Karin Barter, karin@stellenberg.co.za/021 976 4519

## TIENDEMAANDINSAMELING

- Ons tiendemaandinsameling duur tot einde Februarie 2019. Dié insameling is onmisbaar in die gemeente se jaarlikse begroting van R10 miljoen. Ons mikpunt is R1,75 mijoen en die insameling staan tans op **R 1 264 846.**
- Bring jou tiendemaandbydrae, of bewys van die bydrae, saam na die erediens toe en in ruil daarvoor ontvang jy 'n spek-boompie. Neem asb. net een spekboom per gesin.

## KAROO-KOSPROJEK

Hartlik dankie aan elkeen wat die projek ondersteun het. Die kos-skenkings, finansiële bydraes, asook die hulp met die vervoer van produkte het dit vir ons moontlik gemaak om in Calitzdorp 500 borde kos, drie keer per week oor 'n periode van drie weke, uit te deel. In Zoar is 500 borde kos drie tot vier keer per week oor drie weke uitgedeel. Op Kersdag kon ons 100 kospakkies in Calitzdorp versprei en ook voorrade na Beaufort-Wes en Leeu-Gamka stuur. Die projek gaan voort om droogtegeteisterde dorpe te ondersteun.

### EDELWEISS BYBELSTUDIE

Donderdag 17 Januarie om 15:00 en 15: 45 uit 1 Johannes 1: 1–5:

Om aan Jesus te kon raak . . .

### HARTLIK GELUK

Ons wens ds. Callie Visagie wat op 8 Januarie verjaar het, asook ds. René Potgieter wat op 12 Januarie verjaar het, geluk met hulle onderskeie verjaarsdae en vertrou dat die nuwe lewensjaar vir beide van hulle baie seën sal inhou.

### BASAAR 2019

### WITOLIFANTTAFEL

Bring asseblief bydraes vir die Witolifanttafel. Januarie is 'n uitstekende maand om kaste reg te pak en van onbenutte items ontslae te raak.

Kombuisware, boeke, gereedskap, speelgoed, beddegoed, gordyne, sporttoerusting, ens. is baie welkom.

Gee asb. bydraes by die kerkkantoor af.

## RAAK BETROKKE

Ons benodig die volgende vrywillige helpers:

- **Erediensw erkers**: Hulle is behulpsaam met die opneem van kollekte, uitdeel van bulletins en die verwelkoming van lidmate tydens eredienste. Kontak Odette by odette@stellenberg.co.za of 021 976 4519 om jou hulp aan te bied.
- **Kleingroepleiers vir kategese:** Raak eerstehands by jou kind se leefwêreld en portuurgroep betrokke deur as kategese kleingroepleier aan te meld. Ons benodig hulp vir al die graadgroepe. Kontak Sunet by sunet@stellenberg.co.za.
- **Kafeteria:** Indien mense, lekker eet en saamkuier jou passie is, skakel asb. by ons kafeteria-diensspanne in. Diensspanne is ongeveer twee keer per kwartaal vanaf 09:30 tot 11:00 aan diens. Jy hoef nie skottelgoed te was nie. Kontak Lindy, lindy@stellenberg.co.za of 021 976 4519.
- **Teetuin:** Gratis tee en koffie word op ’n selfhelpbasis bedien, maar geen eetgoed nie. ’n Teetuindiensbeurt behels net maak van tee in teekanne en die afdek van tafels agterna. Kontak Lindy by lindy@stellenberg.co.za of 021 976 4519 om hulp aan te bied.
- **Sekuriteit:** Indien jy bereid is om op aflosbasis behulpsaam te wees met die oppas van motors tydens eredienste, kontak asb. vir Lindy by lindy@stellenberg.co.za of 021 976 4519.

## PLANTETAFEL

Die Kweek-vir-die-Here-span skop die 2019-skooljaar met ’n planteverkoping af. Kom maak gerus ’n draai na die oggenddienste. Daar is ’n verskeidenheid waterslimplante. Neem ’n plant in ruil vir ’n donasie tot die jeuguitreike.

### BREIGROEP

Ons kom weer op Maandag 4 Februarie om 09:30 in die markplein bymekaar.

### WOLSKENKINGS

Die breispan is reeds aan die brei vir die Junie-uitreike. Ondersteun hulle asb. deur wol te skenk. Met een bol wol kan hulle een serp of mus brei. Bydraes kan by die kerk-kantoor afgegee word.